**Om grond te *roman*tiseer**

https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/om-grond-te-romantiseer-20180407

Graag vertel mense jou waar hulle (eintlik) vandaan kom. Daarmee word gewoonlik ʼn baie spesifieke plek bedoel, soos die Wolkberg of Laeveld of Karoo. En as daar nie spesifiek na hul plek gevra word nie, dan glip hulle dit in: ja, ek woon in Johannesburg, maar ek kom eintlik uit die Vrystaat. Ons identiteit is verstrengel met plek. Dit is bykans altyd plekke waarna mense se gees hunker soos weerklink in ou Afrikaanse liedere oor die boereplaas as geboortegrond of nuweres oor katbos en kambro. Hierdie waarheid word ook in letterkunde geëggo. Goeie letterkunde verken moeilike aspekte van ons menswees en ons samelewing, maar sonder om die kompleksiteit daarvan prys te gee. In die roman *My Name is Lucy Barton* van Elizabeth Strout merk die skrywer-karakter Sarah Payne tereg op dat die rol van letterkunde is om te rapporteer oor die menslike toestand – om vir ons te sê wie ons is en wat ons dink en wat ons doen. ʼn Afrikaanse skrywer wat ons hiermee help, is Karel Schoeman. Volgens Schoeman se werk is wie ons is en wat ons dink en wat ons doen onder meer verstrengel met die grond van hierdie land. Goedkoop en maklike antwoorde op ingewikkelde vrae is afwesig in sy boeke – dikwels word die omvang van die kompleksiteit van sake verken en sodoende nog verder verdiep, eerder as om dit op te los of antwoorde te verskaf. Enkele jare gelede vertel ʼn Xhosa akademikus van Ikeys vir my dat hulle familie ʼn grondeis in die Oos-Kaap het. Tot en met die dag wat die eis slaag, deel hy my mee, voer hulle as familie al hulle rituele in Kaapstad, spesifiek in Langa, uit, maar volgens hom is daardie rituele (nog) nie die ware Jakob nie: "When we have the land back where our ancestors are buried, then we will be able to perform the real rituals." Afrikaanse letterkunde wys vir meer as ʼn eeu al iets hiervan, naamlik hoe grond en gees in Suid-Afrika met mekaar verstrengel is, hoe dit diep ingebed in die psige van die mense van die land sit en ook hoe hierdie realiteit tot botsende belange en uiteindelike dade van ongeregtigheid aanleiding gegee het. In Karel Schoeman se debuut *Veldslag* word die belang van grond indirek belig deurdat gewys word op die prys wat mense bereid was om te betaal gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog. Sy tweede novelle, *In Ballingskap,* speel af in Nederland, maar die karakter is 'in ballingskap' gegewe onder meer daardie verlange na Suid-Afrika, inklusief die plaas en dus die grond. Grond as tema bly deurgaans vir hom belangrik en ook plek en die landskap, veral die landskap van die Groot Karoo en die Vrystaat. ʼn Hoogtepunt is *ʼn Ander land* waar die landskap bykans self ʼn karakter in die roman word en, soos in vele ander van sy boeke, word die plek, die grond van Afrika, ʼn kern gegewe vir die soekende mens wat in Afrika woon. En ʼn belangrike deel van die betekenis wat gevind word, is te vinde in die grond, die plek, die landskap self. Die hoofkarakter in *Hierdie lewe* herinner haar hoe Jan Baster deur haar familie van sy grond verdryf is en hulle sy huisie afgebrand het. Soortgelyke voorvalle word gesuggereer in *Die uur van die engel* waar die Griekwas deur die boere wat hul grondgebied uitbrei, verjaag word van die waterpunte en weiding. Schoeman belig dus onreg wat gepleeg is ten opsigte van grond, maar ook hoedat grond vir almal wat hierdie land bewoon, van groot belang is deurdat grond nie losgedink kan word van mense se gees nie en sodoende diep in elke Suid-Afrikaner se identiteit ingemessel is. In een van sy laaste boeke getiteld *Skepelinge* verken hy die gedagte wat die betekenis van die naam Afrikaner en Aan die Kaap Geborene is. In ʼn sekere sin is die grond self ʼn soort moeder vir diegene wat op haar bodem gebore is. Ons kry dus al die moontlike skakerings rakende hierdie tema in Schoeman se romans: die boer verknog aan sy grond; die diep betekenis van grond vir die soekende mens in Afrika; die opofferings wat gemaak is ter wille van die grond; die gapende wond van ongeregtigheid met betrekking tot grond wat soos ʼn droë rivierbedding deur ons land loop. Indien ʼn mens 'deur' die romans van Schoeman na grond in Suid-Afrika kyk, word ʼn uiters komplekse en plek-plek skrikwekkende mosaïek oor grond aangebied. Hierdie mosaïek is geensins ʼn klinkklare antwoord op ʼn kwessie soos die onteiening van grond sonder vergoeding nie, maar dit wys dat tussen grond en gees, tussen die land en die psige van elke

Suid-Afrikaner, ’n naelstring loop. Indien ’n mens Schoeman se romans met ’n sensitiwiteit vir die grondkwessie lees, sal jy aan die einde daarvan besef dat hy jou in baie inwoners van ons land se skoene laat staan het: onder meer grondbesitters én ontheemdes, en vir beide groepe is grond ’n kritiese deel van wie hulle is. Schoeman se tekste neem ’n mens ook onwillekeurig na ’n paar ouer Bybelse tekste wat daarin resoneer. Hierdie tekste wys deurgaans almal daarop dat alle bewoners van die aarde en bewerkers van die grond gaste is, gaste van ’n Gasheer wat die eintlike eienaar van die grond is en dat die mense wat die grond bewoon en bewerk, vreemdelinge en bywoners is, tydelike besoekers. Om oor grond en grondonteiening in Suid-Afrika te praat, is om oor ’n uiters komplekse saak te praat. Pasklare vooraf geformuleerde antwoorde ter wille van eie belang is nie noodwendig die beste vertrekpunt nie. Goeie letterkunde help ons om die saak te kompliseer en meerdere perspektiewe in te bring. ’n Vereenvoudiging van die saak gebeur wanneer slegs een perspektief ter wille van eie belang belig word, dit vind ons ook in die letterkunde, maar daarteen moet gewaak word.

Cas Wepener se *Die reis gaan inwaarts* wat handel oor die romans van Karel Schoeman het in 2017 verskyn.